# Kareeberg Munisipaliteit

## 55/2023 VOORSIENING VAN OORPAKKE EN VEILIGHEIDSSTEWELS/-SKOENE

Skriftelike kwotasies word hiermee ingewag vir die voorsiening van die volgende items:

- 40 tweestuk blou oorpakke met weerkaartsende strepe op arms en bene met logo van munisipaliteit op linker bors gedruk/geborduur (spesifiseer)
- 40 paar Lematre veiligheidstewels/-skoene

Meer besonderhede in verband met die groottes kan by Mnr M. Ockhuis verkry word by telefoon nommer 053-3823012, gedurende kantoor ure.

**Kwoteerders moet hulle unieke MAAA nommer verstrek. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD4) nie aangeheg is nie. Geliewe daarop te let dat evaluering op die 80/20-puntestelsel sal geskied, en derhalwe moet die vorm MBD 6.1 ook ingedien word vir beoordeling op die 20-puntstelsel. BBEEE status moet 10 wees en ligging 10 en vorm MBD 6.2 moet ook ingevul word, en die inhoud moet 100% wees. Die ingevulde vorms MBD9 en MBD 8 moet ook aangeheg wees met bewys dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word.**

Verseëlde kwotasies gemerk "**KWOTASIES: OORPAKKE/SKOENE**" moet die ondergetekende voor of op **Donderdag, 14 Desember 2023** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR. MF MANUEL**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

10 November 2023

L8.2.1
Noordwester: 30 November 2023
Webtuiste: www.kareeberg.co.za